


FAMILIENUUS 348



18 September 2018

Familienuus 348

MET DIE LIG NA DIE GEMEENSAP!

UIT ONS SINODEHUIS

Familienuus kom maak weer 'n draai in jou posbus. Dis vir ons hierdie kant lekker om met jou te gesels – ons vertrou die ervaring is wedersyds positief! Dankie vir die terugvoer wat ons ontvang...

Vandag wil ek dankie sê vir elke kollega, kerkraad en gemeente wat getrou besig is om hulle roeping uit te leef. Daar is geen beter rede om te leef as om besig te wees met dít wat die Here vir jou in gedagte het nie. Dís die beste motivering vir harde werk. Dís die rede vir ons opstaan elke dag. Dís hoekom ons hier is...

En by dit alles kan dit nog vir ons lekker ook wees!

Francois Retief

OOSTELIKE SINODE HOU SINODESITTING

Familiefees!

21 – 23 Oktober 2018.

Pierre van Ryneveld.



Ons gee hieronder weer die inligting soos verlede week.

Belangrik: *indien daar iemand in julle afvaardiging is met **spesiale eet-behoeftes** moet julle dit asseblief dadelik met ons kommunikeer. Ons help graag maar ons moet betyds hiervan weet om dit aan die spyseniers deur te gee.*

Van eet gepraat: *Maandagaand braai en kuier ons saam in Predikantekonferensie-styl!*

Prof Marius Nel van Stellenbosch kom ons help om 'n verdere tree oor missionaliteit te gee as ons nadink oor die koninkryk van God. Hy gaan ons help om ons lidmate toe te rus vir hulle getuienis in die wêreld waar predikante nie sommer kom nie.

Ons Sinodale Diensraad vra mooi asseblief dat gemeentes dit vir hulle afgevaardigde leraars en kerkraadslede moontlik sal maak om die **hele sitting** van die begin af by te woon. Ons begin Sondagmiddag reeds met 'n baie belangrike gesprek. Dieselfde versoek geld vir Maandag en Dinsdag tot middagete. Indien dit vir die primarius-afgevaardigde onmoontlik is om te kom, vra ons dat julle die sekundus sal stuur. Baie dankie!

Ons *Ontwerpspan* werk baie hard om van hierdie 'n spesiale byeenkoms te maak. Ons sien dit as 'n geleentheid om ons **Familie-wees te vier, toegerus te word en met nuwe perspektiewe** terug te gaan na ons gemeentes toe.

Oor die **geloofsbriewe**: enige wysigings hieraan moet asseblief dadelik na Tersia by ontvangs@sinoos.co.za deurgegee word.

Die **fakture** is reeds aan gemeentes gestuur vir die onkoste wat deur die gemeentes gedra word. Dit is hoofsaaklik die etes en enkele logistieke uitgawes. Die res word deur die Sinode self gedra.

Let asseblief op: gemeentes is verantwoordelik vir die kostes van afgevaardigdes soos op 1 Oktober. Ons moet dan die finale syfers aan die spyseniers deurgee. Ons sal nie die faktuur kan verander vir wysigings na 1 Oktober nie.

Die **elektroniese weergawe van die Agenda** is nou op ons [webwerf](#) (3,4 MB) beskikbaar. Julle is welkom om die skakel na die afgevaardigdes deur te gee. Die gedrukte boeke behoort ons na die skoolvakansie vroeg in Oktober hier te hê. *Ons gaan dit nie pos nie.* Posgeld is te duur. Gemeentes wat hulle boeke by die Sinodehuis wil kom afhaal, kan dit dan doen. Die ander deel ons by die sitting uit.

PREDIKANTEKONFERENSIE 2019

Ons plek is bespreek! Volgende jaar gebeur hierdie baie spesiale deel van ons Sinode-wees op 10 – 14 Junie in Letaba. Teken dit sommer nou aan op die kalender. Dit is – soos tradisioneel – die week direk na Pinkster.

#imagine

Malibongwe: Pragtige nuwe lied vir #imagine 2019

Volgende jaar se **byeenkomste** van #imagine is op 29 – 31 Maart.

'n Pragtige **lied** waarmee #imagine gevier word, is pas op die #imagine-beweging se Youtube-kanaal gepubliseer: *Malibongwe, How great is our God.* [Klik hier](#) om die lied te sien.

FUTURE NOW-kursus

Gerrit Vosloo het vir ons terugvoer gegee oor hierdie geleentheid. Gesels gerus met hom oor die moontlikhede wat hierdie program inhou vir elkeen wat met jongmense werk.

"My persoonlike opinie, is dat dit 'n baie goeie kursus is wat baie goed nagevors is en baie goed aangebied word. Dit gee 'n stuk goeie toerusting aan elkeen wat met jongmense werk. Dit kan baie goed werk in skole en kerke. Ons moet verseker 'n volgende geleentheid reël waar die opleiding weer aangebied kan word. Die produk is goud werd en op die oomblik die beste alternatief wat vir ons aangebied word om geestelike bediening in skole te doen."

Die persone wat die kursus bygewoon het, se evaluering kan [hier](#) gelees word.

PROJEKTE

Ekofaktorkamp

Die Projekspan vir Ekologie reël weer 'n **Ekofaktorkamp** vir alle Graad 5 en 6 leerders vanaf 30 September tot 3 Oktober 2018. Die kamp word soos verlede jaar, weer gehou by **Bergenvier** (tussen Bronkhorstspuit, Groblersdal en Witbank). By hierdie jaar se kamp gaan by die *voëls en insekte geleer word waar my plek in die ekosisteem is sodat daar vir almal en alles genoeg is om te kan lewe op aarde.*

Die koste is **R400-00**. Skryf in by Tersia Petzer, ontvangs@sinoos.co.za / 012 804 9543. Die sluitingsdatum is **19 September**. Lees [hier](#) meer.

Crux kamp vind vanaf 30 September tot 5 Oktober plaas te Kruisrivierkampterrein. Lees [hier](#) meer.

ALGEMENE SINODE 2019

Die **datum** van die volgende sitting van die Algemene Sinode is bepaal as 6 – 11 Oktober 2019 in Benoni.

Tydens die vergadering van die Algemene Sinode Moderamen is baie tyd spandeer aan die baie sensitiewe gesprek oor **Grondhervorming**. Die NG Kerk is ook op hoë vlak by hierdie gesprekke betrokke. Ons dra alle gemeentes en leraars wat in

hierdie onstuimige tyd hieroor besorg is, aan die Here op. Ons vertrou Hom vir 'n uitkoms wat almal in ons land vorentoe sal kan help.

GEMEENTES

Pretoria-Garsfontein stel 'n **Jeugwerkerpos** by hulle gemeente bekend. Die besonderhede word ook [hier](#) aangeheg.

Finansiële Beampies word herinner aan die op-datum-hou van die gemeente se **OWO-registrasie** by die Ontvanger van Inkomste. Hierdie is nie iets wat sommer net ignoreer kan word nie – die Ontvanger kan die gemeente oneindige probleme gee as dit nie in plek is nie. Ons Bedryfsbestuurder, Cathy Odendaal (finans@sinoos.co.za), help graag met inligting hieroor.

PREDIKANTE-NUUS

Gerrit Vosloo van Ermelo het 'n beroep na Nelspruit-Suid aangeneem. (*dis nou van uifers koud na uifers warm...!*)

GESAMENTLIKE WERK

[Bybel-Media](#) het aan leraars per landpos inligting oor die produkte van BM gestuur. Ongelukkig lyk dit asof baie dit nie ontvang het nie as gevolg van Poskantoor-probleme. Ons heg Strydom Bruwer se skrywe [hierby aan](#) met die skakel na die hulpmiddels.

VERJAARSDAE

Geluk aan almal wat tot 8 Oktober 2018 verjaar.

Gemeentes:

30 September – Witbank-Klipfontein, admin@ngklipfontein.co.za

3 Oktober – Pierre van Ryneveld, info@pvr.co.za

4 Oktober – Hendrina, nghendrina@telkomsa.net

8 Oktober – Chrissiesmeer, ngbhs@penta-net.co.za

Emeriti:

20 September – Johann van Schalkwyk, Lynnwoodrif 2012,
jvs202@gmail.com

23 September – Neels Du Plessis, Garsfonteinpark 1997,
neels@greatbrakriver.com

26 September – Johan de Witt, Kapelaan-Generaal SAW 1998,
jdewitt@globex.co.za

27 September – Koos le Roux, Pretoria-Garsfontein 2017,
jacobacleroux@gmail.com

28 September – Andre Botha, Pretoria-Oosterlig 2016,
andrebothasa@gmail.com

5 Oktober – Mike Müller, Arbeidsbediening Noord en Oos 2006,
dokmike@telkomsa.net

5 Oktober – Freek Swanepoel, Skuilkrans 2004,
fmks@vodamail.co.za

6 Oktober – André Deacon, 1993 Witbank-Suid.

7 Oktober – Wentzel Coetzer, Pretoria-Garsfontein 2002,
wentzel7@mweb.co.za

Predikante:

20 September – Bennie Mostert, Moreletapark,
bennie@benniemostert.com

22 September – Paul Lübbe, Lux Mundi, jpahml@gmail.com

25 September – Gouws van Zyl, Tzaneen, gouws177@gmail.com

1 Oktober – Tielman Roux, Hendrina, tmroux@mweb.co.za

2 Oktober – Erik Brits, Sabie, erikbrits@fdcsnet.co.za

5 Oktober – Johan Malan, Goedgegun, jfmalan1@gmail.com

7 Oktober – André Fitzgerald, Pretoria-Faerie Glen,
afitzgerald@telkomsa.net

Groete tot 9 Oktober 2018.

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

Met die Lig na die
Gemeenskap